
# 73 Die hoof met dorings eens ontsier




Met reg het Hy die hoogste plek,
met reg die majesteit,
die Oppervors, die Opperheer,
die Lig van heiligheid.

Die vreug van elke hemeling
en hier op aard' die vreug
van almal wat sy liefde ken
en hul in Hom verheug.

Die skande van die Kruis gee hul
genade wat hul vra;
die naam is ook vir ewig daar
wat hul met vreugde dra.

Wie ly met Hom, sal heers met Hom
en immer by Hom woon;
die wonders van sy liefde is
hul blydskap en hul loon.

Thomas Kelly (1769-1854) J. Clark (1670-1707)